

Veral by 'n dinamiese vak soos RTT kan eksamenvraestelle en memoranda 'verouderd' raak. In sommige gevalle kan dit ook gebeur dat daar nou ekstra antwoorde aanvaarbaar kan wees terwyl sommige van die antwoorde nie meer van toepassing is nie.

Study Opportunities

November 2013

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 11

Vraestel 2 – Geskrewe

MEMORANDUM

TYD: 3 URE

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye (titelblad ingesluit)

Vraag 1:

1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10
C	D	D	A	D	B	B	D	C	C

[10]

Vraag 2:

- 2.1 Waar ✓ (1)
- 2.2 Onwaar ✓ WLAN of Koordlose LAN ✓ (2)
- 2.3 Onwaar ✓ GB or TB ✓ (2)
- [5]

Vraag 3

3.1	3.2	3.3	3.4	3.5	3.6	3.7	3.8	3.9	3.10
S	H	N	O	P	I	D	Q	M	J
3G	UTP	VoIP	RSS	URL	RFID	OCR	HDMI	FTP	NIC

[10]

Vraag 4

- 4.1.1 Die gebruik van unieke fisiese eienskappe van mense ✓ (bv. vingerafdrukke), om 'n persoon te identifiseer. ✓ (2)
- 4.1.2 Enige EEN van: ✓
- Moeilik om te omseil omdat dit aan 'n enkele persoon gekoppel is
 - Gekoppel aan 'n enkele persoon, kan dus nie deur ander gebruik word nie, ens. (1)
- 4.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Spoed (PPM)
 - Resolusie/kwaliteit (DPI)
 - Maandelikse werkslading, ens.
- Let wel: Moenie antwoorde rakende papiergrootte of -kleur, of nie-tegniese parameters soos vervaardiger, waarborge, naverkoopdiens en koste aanvaar nie. (2)
- 4.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Moenie vir lang tye sit nie/neem ruspouses
 - Sit gemaklik, moenie rek / strem
 - Leer sleutelbordkortpaaie
 - Kry oefening
 - Moenie oorfone gebruik om klank uit omgewing uit te doof nie
 - Verminder helderheid van die monitor
 - Sorg vir 'n goed verligte werksomgewing
 - Sorg vir voldoende ventilasie, ens. (2)

- 4.4 Enige TWEE van: ✓✓
- Lae kapasiteit
 - Stadig om daarop te rugsteun
 - Minder betroubaar as eksterne hardeskyf, ens. (2)
- 4.5.1 Rugsteun van 'n lêer: maak 'n kopie van die lêer. ✓
- Argivering van 'n lêer beteken dat die lêer (nie 'n kopie nie) na 'n ander (sekondêre) stelsel geskuif word. ✓
- Let wel: *Leerdere hoef nie die rede te gee hoekom ons 'n lêer argiveer nie.* (2)
- 4.5.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Verwyder duplikaatlêers
 - Verwyder lêers wat nie nodig is nie
 - Zip/Pers lêers wat gerugsteun moet word saam
 - Rugsteun net datalêers, nie programme
 - Rugsteun net lêers wat sedert die laaste rugsteun verander het (inkrementele rugsteun)
- Let wel: *Moenie antwoorde aanvaar wat met argivering verband hou nie.* (2)
- 4.6 'n *Plug-in* is 'n klein toepassing/programmetjie ✓ wat jou in staat stel om aanvullende gespesialiseerde multimedia-inhoude soos *flash*-animasies te sien. ✓ (2)
- 4.7.1 Enige TWEE van: ✓✓
- Om nuwe eienskappe by te voeg
 - Om foute in die programmatuur reg te maak
 - Om sekuriteitskuiwergate toe te stop
 - Om werkverrigting en stabiliteit te verbeter, ens.
- Let wel: *Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met opdatering van kwaadwillige programmatuur/virusdefinisies ens.* (2)
- 4.7.2 *Service packs* is versamelings van opdatings wat elke nou en dan deur die verkoper vrygestel word. ✓
- Hulle sluit al die vorige opdatings en *patches* vir daardie produk in. ✓
- Let wel: *Aanvaar 'verseker dat programmatuur volledig op datum is' vir tweede punt.* (2)
- 4.8 TWEE redes: ✓✓
- Sodat die lêer deur 'n ander program oopgemaak kan word
 - Sodat die lêer deur ouer weergawes van dieselfde program oopgemaak /gelees kan word, ens.
- Let wel: *Aanvaar antwoord wat verband hou met iemand wat nie die programmatuur/program het waarin die lêer geskep is nie vir die eerste bullet.* (2)

4.9 Metadata is aanvullende inligting oor die lêer. ✓

EEN voorbeeld van metadata verwant aan 'n foto: ✓

- Soort kamera gebruik/vervaardiger
- Resolusie van foto
- ISO-spoed
- Fokusdiepte/-afstand
- GPS-koördinate van waar die foto's geneem is.

Let wel: Aanvaar antwoord soos aanvullende inligting of eienskappe (properties) of 'data oor die data' as 'n beskrywing vir metadata. Moenie antwoorde vir die metadata aanvaar wat 'algemeen' is en vir enige lêersoort gebruik kan word nie, soos Datum Verander, Grootte ens

(2)

4.10 Read-only beteken die lêer kan nie direk op die CD (as 'n gewone 'save'-opdrag van binne die sigblad) gestoor word nie, d.i. sonder om die lêer terug te brand op die CD) ✓

Stoor die lêer op 'n ander plek (Save as) ✓

(2)

[25]

Vraag 5

5.1.1 Moet die metode van konnekteer mobiel wees? ✓

(1)

5.1.2 Enige EEN van: ✓

- Jy maak/ontvang telefoonoproepe en gebruik terselfertyd die lyn
- Die meeste ADSL-roeteerders sluit WiFi in, so die gebruikers kan koordloos toegang tot die Internet kry, ens.

Let wel: Moenie antwoorde ivm koste of dat dit 'n breëbandkonneksie is aanvaar nie.

(1)

5.2.1 Die area waar jy die WiFi-sein (koordloos) kan ontvang, is bekend as die *hotspot*. ✓

Baie plekke (soos die hotel, of koffiewinkels) maak voorsiening vir jou om te konnekteer om hul Internettoegang via WiFi te gebruik. ✓

(2)

5.2.2 Om te 'Skype' beteken om die Skype-program te gebruik om 'n audio- of audio-visuele gesprek via die Internet te voer. ✓

Enige EEN van: ✓

- Dit gebruik baie bandwydte of *cap* – koste-implikasie.
- Die kwaliteit kan swak wees as jy 'n stadige Internetkonneksie het.
- Privaatheid kan ingeboet word, ens.

(2)

5.3 Geografiese plek/Gebaseer in UK ✓ Ontwerp om op mobiele/klein toestelle gesien te word. ✓

(2)

5.4 Enige TWEE van: ✓✓

- Hoofskakels behoort maklik te wees om op te spoor en te identifiseer/verskyn in 'n konsekwente posisie
- Skakel behoort kort/maklik te wees om te begryp/te weet waarvoor dit is
- Behoort geen gebroke skakels te wees nie, d.i. skakels wat nie werk nie
- Skakels behoort op 'n konsekwente / standaard manier geformateer te wees. ens.

(2)

- 5.5.1 Instant Messaging (IM)-stelsels werk intyds (in *real-time*), maar e-pos nie ✓
Let wel: Aanvaar enige antwoord wat die ekwivalent van intyds is. (1)
- 5.5.2 CAPTCHA ✓
 Aanvaar enige antwoord wat verband hou met 'nagaan of die antwoord deur 'n persoon en nie 'n rekenaar of program gegenereer is nie'. ✓ (2)
- 5.5.3 'n Kontakgroep is 'n groep van e-posadresse gestoor onder een naam (die naam van die groep). ✓
 'n Boodskap wat na hierdie lys of groep gestuur word, word na al die ontvangers wat deel is van die groep gestuur, in plaas van dat al die adresse individueel elke keer bygevoeg word / Dit sou haar tyd spaar, deurdat die boodskap net een maal na die kontakgroep gestuur word en nie na elke ontvanger individueel nie. ✓ (2)
- 5.6.1 Die e-posadres ('naam') wat die gebruiker wou gebruik is reeds geneem, dus voeg die gebruiker 'n variasie by in die vorm van 'n nommer. ✓ (1)
- 5.6.2 Enige TWEE van: ✓✓
 • Beskikbaar enige plek waar jy Internettoegang het
 • Nie nodig om aanvullende programmatuur te installeer om te gebruik nie (net 'n webblaaier nodig)
 • Bespaar bergingspasia (e-pos kan op die bediener gelaat word)
 • Webgebaseerde posstelsels voorsien dikwels ander (gratis) dienste soos *chat*-fasiliteite, ens.
Let wel: Moenie enige antwoord verwant aan koste aanvaar nie (2)
- 5.7.1 Die lêer word geskandeer en met 'n lys/databasis van virusdefinisies vergelyk. ✓ (1)
- 5.7.2 Die virus word in 'n area van die skyf geplaas waar dit nie die rekenaar kan infekteer nie. ✓
 Dit gebeur gewoonlik wanneer die anti-virusprogrammatuur nie die virus (veilig) kan verwyder nie
 OF As die gebruiker spesifiseer dat dit gedoen moet word wanneer 'n virus gevind word. ✓ (2)

[21]

Vraag 6

- 6.1 Enige TWEE van: ✓✓
 • Gesag/Geloofwaardigheid van die skrywer(s)
 • Watter van die twee webtuistes meer op datum is
 • Gehoor/vlak waarop dit geskryf is/vir wie dit bedoel is
Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met dekking, objektiwiteit of die raadpleging van ander bronne nie. (2)
- 6.2.1 'n Geslote vraag het 'n beperkte aantal moontlike antwoorde. ✓
Let wel: 'Aanvaar ook antwoorde soos ' 'n Vraag wat deur feite beantwoord kan word / 'n vraag wat begin met woorde soos wat, waar, wat, ens.'

Aanvaar enige geskikte voorbeeld van 'n geslote vraag soos: ✓

- In watter graad is jy? (Die graad van 'n hoërskoolleerder sou beperk wees van 8 tot 12)
- 'n Respondent mag gevra word om die diens wat hulle in 'n winkel ervaar op 'n skaal van 1 tot 5 te evalueer, ens. (2)

6.2.2 Enige EEN van: ✓

- Makliker om statistiese berekeninge op data met 'n vaste stel waardes te doen
- Kleiner kans dat ongeldige data aangebied word en deel van resultate vorm, ens.

Let wel: Moenie antwoord aanvaar wat verband hou met die gemak van datavaslegging nie. (1)

6.3 Enige DRIE van: ✓✓✓

- Makliker om groter teikengroepe te bereik
- Resultate word dadelik vasgelê
- Kan fout-kontrolle doen, data valideer, foute uitwys
- Kan mense vrae in die regte volgorde laat beantwoord
- Groter privaatheid (geen onderhoudvoerder)
- Spaar papier
- Laer koste in die administrasie van die opname, ens. (3)

6.4.1 Die COUNTIF-funksie *tel die aantal selle* wat aan gespesifiseerde kriteria voldoen. ✓

Die SUMIF-funksie *sommeer die waardes* wat aan gespesifiseerde kriteria voldoen. ✓ (2)

6.4.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Vermoë om grafieke te skep
- Vermoë om data te groepeer of sorteer
- Outomatiese herberekening van funksies/formules wanneer data bygevoeg of verander word
- Voorwaardelike formatering, ens.

Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met beskikbaarheid en gebruik van funksies nie. (2)

[12]

Vraag 7

7.1 Enige TWEE van: ✓✓

- Respekteer die privaatheid/data/intellektuele eiendom van ander.
- Moenie programmatuur- of apparatuurinstellings verander nie (insluitende installeer/uninstalling).
- Rapporteer enige probleme wat hulle sien aan 'n personeellid.
- Wanneer en waar draagbare bergingtoestelle (bv. *flash-skywe*) gebruik mag word.
- Gevolg van nie by die voorskrifte van die AUP hou nie, ens.

Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met algemene gedragsake (bv. *rommel strooi*) of sake wat verband hou met Internetgebruik bv. *aanstootlike materiaal, cap, nie*. (2)

- 7.2 Nuwe *spyware*-‘definiesies’ (lyste van bekende *spyware*) word opgedateer. ✓
 Die lys/databasis van webtuistes wat bekend is vir die verspreiding van *spyware* word opgedateer. ✓
Let wel: Aanvaar antwoorde wat verband hou met die vermoë om ‘nuwe’ *spyware* op te spoor vir die eerste punt. (2)
- 7.3.1 ’n *Firewall* is programmatuur ✓ wat beheer/opspoor watter programme jou rekenaar vanaf die Internet binnekom ✓ (en vice versa).
Let wel: Aanvaar ’n kombinasie van programmatuur/apparatuur in die plek van programmatuur. (2)
- 7.3.2 Enige TWEE van: ✓✓
- SMS (selfoon)-kennisgewings van e-bank-aktiwiteit
 - Eenmalige wagwoorde / per sessie-wagwoorde vir sekere transaksies, bv. skepping van begunstigdes
 - Verdoeseling van wagwoorde en kodes met bv. asterisks, om ‘shoulder-surfing’ te ontmoedig
 - Gebruik van enkripsie / HTTPS-protokol
 - Die voorsiening van skermsleutelborde
 - Outomatiese afsluiting na ’n periode van onaktiwiteit, ens.
- Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met logons/wagwoorde/PINs of enige gebruikersmaatreëls nie. (2)
- 7.4 ’n Valideringsreël spesifiseer ’n gebied/stel waardes ✓ wat (in ’n veld in ’n databasis) ingevoer mag word. ✓
Let wel: Aanvaar ook die omgekeerde – waardes nie deur die valideringsreël toegelaat nie, kan nie ingevoer word nie. (2)

[10]

Vraag 8

- 8.1 ’n Templaat is ’n dokument wat die basiese uitleg en afdelings wat vir ’n spesifieke soort dokument benodig word, bevat. ✓
 Jou suster kan ’n templaat vir ’n CV gebruik en by haar behoeftes aanpas. ✓ (2)
- 8.2 Formateer die opskrif met dieselfde styl wat gebruik is om die ander opskrifte te formateer. ✓
 Dateer die inhoudsopgawe op. ✓ (2)
- 8.3.1 Die maksimum aantal karakters ✓ wat in die veld gestoor kan word. ✓ (2)
- 8.3.2 Number (of AutoNumber) ✓ (1)
- 8.4.1 Yes/No ✓ (1)
- 8.4.2 Die waardes vir die veld in elke rekord moet verskillend (uniek) wees. ✓
 Die veld mag nie wees leeg of blanko gelaat word nie. ✓ (2)

[10]

Vraag 9

9.1 UPS (Uninterrupted Power Supply). ✓

Enige EEN manier: ✓

- Kan krag vir 'n beperkte tydsperiode voorsien as die krag afgaan
- Kan beskerm teen kragstuwinge en -pieke

(2)

9.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Kabelslotte / maak rekenaars fisies vas
- Gebruik sluitbare kabinette
- Gebruik bewegingsensors wat kan vasstel wanneer die rekenaar beweeg word, ens.

Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met beperking van toegang tot die gebou nie

(2)

9.3 Enige TWEE van: ✓✓

- Sensorgrootte
- Zoomopsies (digitaal of opties maar nie albei aanvaar nie)
- Resolusie/Mega-pixels
- Tipe/grootte van stoormedia
- Meganismes om foto's oor te dra (WiFi, Bluetooth, USB, ens.)
- ISO Rating, ens.

Let wel: Moenie nie-tegniese sake soos waarborge, naverkoopdienste en koste aanvaar nie.

(2)

9.4.1 Enige TWEE van: ✓✓

- Nie so maklik/vinnig om op 'n skermsleutelbord te tik nie
- Kan kolle kry /olierig/vuil word (met gebruik van vingers)
- Nie geskik vir basiese rekenaaropleiding nie /Pas beste op kleiner draagbare toestelle

Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met koste of diefstal nie.

(2)

9.4.2 Grootte ✓ en resolusie (pixels) ✓

(2)

9.5.1 Skyffragmentasie is wanneer dele van lêers oor die skyf versprei raak ✓

Dit verminder die algehele werkverrigting van die rekenaar omdat dit langer neem om gefragmenteerde lêers oop te maak. ✓

(2)

9.5.2 Nee ✓ Defragmentering herrangskik net dele van die lêers op die skyf. ✓

Let wel: Geen punt as motivering verkeerd is nie

(2)

9.6.1 Om bronne/dienste aan die ander (kliënt-) rekenaars te voorsien ✓

(1)

9.6.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Gebruikers kan toegang tot hul lêers vanaf enige rekenaar kry aangesien hul lêers op die bediener gestoor is
- Makliker om lêers te rugsteun
- Makliker om lêers te deel/beskikbaar te maak (aanvaar geskikte voorbeelde)
- Makliker om lêers vir kwaadwillige programmatuur na te gaan, ens.

Let wel: Moenie 'vinniger toegang tot skyf' aanvaar nie.

(2)

9.6.3 Enige TWEE van: ✓✓

- Kan Internettoegang vinniger maak (*web caching*)
- Makliker om sekuriteit te implementeer bv. *firewall*- en antivirusbeheermaatreëls
- Makliker om programmatuur te gebruik om toegang tot webtuistes te beheer / filter

Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met kostebesparing (2)

9.6.4 Enige TWEE van: ✓✓

- Vereis minder werk om op te stel en bied minder probleme as om kables te lê
- Makliker om addisionele toestelle by die netwerk te voeg
- Laat beweeglikheid toe - jy kan konnekteer waar jy ookal toegang tot die sein het
- Daar is geen warboel van kables nie, ens.

(2)

9.6.5 Enige TWEE van: ✓✓

- Nodig om ekstra apparatuur aan te koop (bv. koordlose toegangspunte en moontlik koordlose netwerkkaarte vir die rekenaars).
- Daar mag steurings voorkom met die koordlose sein/verlies van sein.
- Benodig 'n hoër vlak van deskundigheid om op te stel.
- Werkverrigting kan verminder as meer rekenaars tot die netwerk bygevoeg word
- Daar moet gewaak word teen mense wat die netwerk onwettig binnedring deurdat hulle die koordlose sein onderskep, ens.

Let wel: Moenie antwoorde wat met koste verband hou aanvaar nie. (2)

9.7 Enige TWEE van: ✓✓

- Toegang tot enige apparatuur wat nie direk aan die rekenaar gekoppel is nie, bv. drukkers
- Toegang tot ander rekenaars
- Netwerkaktiwiteitaanduider op die skerm, bv. in die System Tray
- Teenwoordigheid van ekstra (logiese) aandrywers soos U: ens.

(2)

[25]

Vraag 10

10.1.1 Koste ('Gratis') ✓

Let wel: Moenie antwoorde aanvaar wat verband hou met verandering van die bronkode nie. (1)

10.1.2 Stelselvereistes verwys na die minimum apparatuur/programmatuur benodig vir programmatuur om effektief te installeer of uit te voer. ✓

As die spesifikasies laer is as die stelselvereistes, mag die programmatuur nie installeer / effektief uitvoer nie. ✓ (2)

10.1.3 Enige TWEE van: ✓✓

- Koppel die produk aan die gebruiker
- Verhoed programmatuurroof ('piracy') / verhoed dat iemand dit op meer as een rekenaar installeer
- Ten einde vir toekomstige opdaterings/opgraderings te kwalifiseer
- Om aanlyn ondersteuning van die maatskappy te kry ens.

(2)

- 10.1.4 'n Tipiese installasie sal die dele wat die meeste gebruikers benodig, installeer. ✓
'n Vol installasie die hele program / al die komponente van die programmatuur installeer. ✓ (2)
- 10.1.5 Enige een rede hoekom mens nie net die relevante programlêergids moet kies en uitvee nie: ✓
- Die program is oor verskeie lêergidse geïnstalleer / sal nie heeltemal verwyder word nie.
 - Die *registry* moet opgedateer word
 - Deur net die program uit te vee kan die stelsel gekorrupteer word, ens.
 - Enige een korrekte manier om die program van die rekenaar te verwyder: ✓
 - Gebruik die bedryfstelselfunksie in die Control Panel om dit te verwyder.
 - Gebruik die *uninstall*-opsie van die program om dit te verwyder. (2)
- 10.1.6 Enige TWEE van: ✓✓
- Onversoenbare lêerformate
 - Verskillende koppelvlakke om te leer/gebruik
 - Moeiliker om opleidingsmateriaal vir albei weergawes op te stel / om opleiding vir albei te verskaf
 - Nuwer weergawes het eienskappe wat nie in ouer weergawes (Office 2003) beskikbaar is nie
 - Nuwer weergawes (Office 2013) mag stadiger uitvoer, ens. (2)
- 10.2 Nutsprogram om area op skerm te vergroot ✓
Teks-na-spraak ✓ (om teks op skerm voor te lees) (2)
- 10.3.1 Cloud storage verwys na die stoor van data op bedieners op die Internet ('the cloud') ✓ (1)
- 10.3.2 Enige EEN van: ✓
- SkyDrive
 - DropBox
 - Google Drive
 - iCloud, ens. (1)
- 10.3.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Jy kan toegang tot jou data van enige plek wat Internettoegang het, verkry
 - Bespaar stoor spasie op jou plaaslike masjien of toestel
 - Makliker om data te deel.
 - Rugsteun en sekuriteit word deur die stoorverskaffer voorsien
 - Data is steeds toeganklik al is die rekenaar gesteel / gebreek
 - Lêers kan wees gesinchroniseer wees op ander rekenaars en toestelle / jy het altyd die jongste weergawe, ens. (2)
- 10.4.1 Yes/No ✓ (1)

10.4.2 Enige EEN van: ✓

- Toevoer is vinniger
- Minder moontlikheid van data-invoerfoute (aanvaar spesifieke voorbeelde bv. spelling)
- Makliker om as kriteria in navrae te gebruik
- Makliker om te valideer (aanvaar spesifieke voorbeelde) ens.

Let wel! Moenie 'makliker om te sorteer' aanvaar nie.

(1)

10.4.3 Enige DRIE van: ✓✓✓

- Name sal nie verskyn / aangedui wees nie (aanvaar 'nie gemerk')
- Name sal verkeerd gesorteer wees (aanvaar 'Moet volgens Van, dan Naam gesorteer wees')
- AND-operator moet OR wees ("Word" or "Excel")
- >= operator behoort <= te wees (aanvaar <=18 sowel as < 19)

(3)

[22]

TOTAAL: 150